Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 1 **Mei 2011**

Inhoud

Lekkerbekkie die Muis
Storie: “Lekkerbekkie se nuwe huis” 1
Inkleurprentjie 2
Rekenaarspeletjie 2

Artikels
Nuwe baba: hoe help ek my oudste aanpas?..... 3
Ons gesels met ‘n Afrikaanse mamma in Kanada..... 4
Maak oulike inkopie-sakke vir Moedersdag..... 4

Oulike produkte
‘n Passie vir *cupcakes*!..... 5
Gunsteling vir Mei-maand..... 5

Kompetisies
Wen ‘n STORIEKLUB CD!..... 2
Wen verjaardagkoek ter waarde van R500!..... 6

Resep: Stokbrood 6
Kontakbesonderhede 6

Die eerste uitgawe van Lekkerbekkie is uiteindelik hier!

Dit is propvol lekkernye vir ouers en kleuters, en dis heeltemal GRATIS!

Lekkerbekkie is die eerste Afrikaanse e-tydskrif vir ouers en kleuters, en daarom is dit belangrik om die standaard hoog te stel met inhoud wat interessant, kleurvol, en van hoë gehalte is. In hierdie eerste uitgawe kyk ons na ‘n klomp nuwe dinge, en ons spring sommer weg met ‘n lekker-lees-storie vir die kleinspan oor Lekkerbekkie die Muis wat vir homself ‘n nuwe huisie gaan soek het! Lees ook op bladsy 4 hoe jy jou oudste kind kan help met die aanpassing van ‘n nuwe boetie of sussie, en ontmoet die nuwe eienaar van Frostings Cupcake Boutique in Durbanville (bladsy 5).

Omdat Lekkerbekkie nie ‘n aanlyn-tydskrif is nie, kan jy dit op jou rekenaar stoor en stukkie vir stukkie lees! Jy kan dit ook *print* en huis toe neem, en vanaand onder ‘n kombers gaan sit en lees. Gaan soek ons gerus op Facebook, en vertel vir ons wat jy van hierdie eerste uitgawe van Lekkerbekkie dink – en ons stuur onmiddellik vir jou ‘n gratis luisterstorie per epos!

Onthou om Lekkerbekkie vir al jou vriende aan te stuur! Die volgende uitgawe verskyn op 2 Junie.

Groete uit die kantoor
Anna Emm

© Anna Emm Productions 2011

Lekkerbekkie se nuwe huis

Lekkerbekkie die muis het ‘n baie mooi huisie. Die huisie is in ‘n tonneltjie in die grond. Dis lekker warm en sag. Maar op ‘n dag reën dit vreeslik hard. Dit reën so hard dat die water by Lekkerbekkie se huisie instroom! Alles is nat!

“Agge nee!” roep Lekkerbekkie. “Nou moet ek ‘n nuwe huisie gaan soek.”

Lekkerbekkie die muis pak al sy kleertjies in ‘n tas, en toe die reën ophou, stap hy die wye wêreld in. Hy soek vir hom ‘n nuwe huis. Na ‘n rukkie sien Lekkerbekkie ‘n baie mooi huisie onder ‘n groot klip.

“Hier sal die reën my nie kry nie!” roep hy bly uit, en loer by die huisie in. Maar o aarde! Twee blink ogies loer terug! Daar woon al iemand in die huisie onder die klip. Dit is Akkedissie wat daar woon.

Nou soek Lekkerbekkie maar ‘n ander huis. Hy stap en hy stap, en na ‘n rukkie sien hy ‘n baie mooi huisie tussen die blare.

“Hier sal die reën my nie kry nie!” roep hy bly uit, en loer by die huisie in. Maar agge nee! Twee blink ogies loer terug! Daar woon alreeds iemand anders in die huisie tussen die blare. Dis Skilpad wat daar woon.

Arme Lekkerbekkie stap weer verder. Hy soek en soek na ‘n huis wat net reg is vir ‘n muis. Nadat hy ver geloop het, sien hy ‘n baie mooi huisie hoog bo in ‘n boom. Daar sal die reën hom mos nooit kry nie!

Maar daar woon iemand bo in die boom! Dis Mossie die mossie wat woon in die boom. Daar is nie plek vir Lekkerbekkie die muis nie. Arme Lekkerbekkie begin te huil.

“Waarom huil jy, Lekkerbekkie?” vra Mossie die mossie daar bo uit die boom.
“Ek huil omdat die reën my huisie gevat het,” snik Lekkerbekkie, “en nou kry ek nêrens ‘n nuwe huisie nie.”

Maar Mossie die mossie vlieg af uit die boom en kom troos vir Lekkerbekkie.
“Moenie meer huil nie,” sê sy. “Kyk op. Kyk op! Dáár is ‘n huisie vir jou! Dit was eekhorinkie s’n, maar hy het getrek en nou is dit leeg.”

Lekkerbekkie droog sy traantjies af en kyk op. En daar in die dik stam van die boom, ‘n entjie van die grond af, is die mooiste huis wat hy nog ooit gesien het! ‘n Huis in ‘n gaatjie in die stam van die boom! Die beste huis vir Lekkerbekkie die muis!

“Daar sal reën my mos nooit kry nie!” lag Lekkerbekkie. “En daar kan ek vir ewig en altyd woon.”

“En ons kan bure wees, ek en jy,” sê Mossie die mossie. “Welkom tuis, Lekkerbekkie die Muis!”

Die einde.

Meer oor Anna Emm

As skrywer, vervaardiger en eienaar van Anna Emm Productions, het Anna al meer as 700 oorspronklike kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is ma van twee dogters, Elanie (11 jaar) en Mila (2 maande).

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Kleur in en WEN!

Lekkerbekkie se nuwe huis

© Anna Emm Productions 2011

Nuwe baba: Hoe help ek my oudste aanpas?

Waneer 'n nuwe baba in 'n gesin opdaag, bring dit groot veranderinge in jou kind se lewe mee, en dit mag emosies en bekommernisse in hom na vore bring sonder dat hy bewus is daarvan of dit in woorde kan omsit. 'n Oudste kind sal altyd 'n ander ervaring hê van gesinslewe as die res van die kinders, omdat daar 'n tyd was wat hy alleen saam met sy ouers was. Om die voorreg van hierdie posisie te moet prysgee, kan met rebellie en onsekerheid gepaard gaan. Dit is 'n logiese emosie, en hy mag maar rou oor die verlies van sy posisie. Gee hom baie liefde en verseker hom dat hy steeds net so belangrik soos voorheen is. Verduidelik vir hom dat hy nou 'n nuwe rol en posisie in die gesin kry, nl. dié van ouboet of ousus en dat dit 'n baie belangrike rol is. Sorg dat jy altyd 'n arm vry het om jou oudste mee vas te hou, al hou jy die baba ook vas. Berei hom voor op die realiteit van 'n nuwe baba en verduidelik vir hom hoe baie sorg die baba gaan nodig hê. Vertel vir hom hoeveel aandag en sorg hy ook gekry het toe hy klein was. Sorg dat daar elke dag 'n bietjie alleentyd vir jou oudste kind is saam met sy pa sowel as saam met sy ma. Vra hom om 'n foto van hom uit te kies om saam met Mamma hospitaal toe te stuur sodat sy die hele tyd aan hom kan dink. Koop 'n spesiale present van jou oudste kind aan die baba, maar ook van die baba aan hom. Laat jou kind toe om sy emosies uit te druk, maar moenie toelaat dat hy jou manipuleer nie. Moenie vir hom sê hy mag nie so voel nie, maar gee meer aandag aan positiewe gedrag as aan negatiewe gedrag. Neem hom saam op hospitaalbesoeke, waar moontlik, en kuier met hom by vriende wat ook onlangs 'n nuwe baba gehad het. Wanneer jou kind se bekende omstandighede verander, is dit nodig dat jy hom gereeld herinner aan die dinge wat nooit sal verander nie, soos jou liefde vir hom. Jy kan nie al die stampe en stote in sy lewe wegneem nie, en jy behoort dit ook nie te doen nie. Verandering is deel van die lewe, en om te leer om aan te pas by nuwe dinge, is 'n vaardigheid wat jou kind nodig het. Gee vir hom baie begrip, maar moenie simpatie gee nie. Uiteindelik is 'n boetie of sussie tot jou kind se voordeel, en hy gaan die vrugte daarvan pluk. Sterkte!

Die storie van "Lappies die teddiebeer" help kinders met die aanpassing van 'n nuwe .baba

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

BOEKIE KLUB

0860 786 743

Kry die NUUTSTE top Afrikaanse storieboekies en ons eie Bertus Beer reeks aktiwiteitsboekies!

SLEGS R50pm

SLUIT AAN Storietyd.co.za

little miracles
PRACTICAL BABY ACCESSORIES

Stylvolle doek-ruil sakkies met boud skerm

baie lekker om te gebruik in jou handsak
wonderlike baba-tee geskenk!

verskeie materiale om van te kies

www.littlemiraclesproducts.blogspot.com

Het jy geweet???

Thomas Tandemuis skryf aan klein mensies! Hy leer hul speel-speel oor tandversorging, vertel wat hy met al die tandjies doen EN stuur 'n oulike geskenkie saam! GrOOOOOOOOOO pret!

Besoek www.thomastoothmouse.co.za

Spesiaal vir Lekkerbekkie lesers:
Thomas bederf Lekkerbekkie-lesers met iets ekstra in hul 1ste pakkie (inskrywings vir 4 kwartale)

MadiBABA PêPa™ "Baby Wrap carrier"

Kangaroo care for premature babies (newborn) up to 36 months

5 Carry positions - Twin and single babies, 7 m long,one size fits all

Baby will love the closeness of your breath, heartbeat, warmth, scent, movement and rhythm:

www.MadiBABA.com

MadiBABA Shopper™ "Shopping Cart Cover"

Splash proof material

MadiBABA CoCoon™ " Unique Swaddle Blanket"

082 654 3144

© Anna Emm Productions 2011

Ons gesels met 'n Afrikaanse mamma in Kanada

Adele Alexander woon saam met haar man en twee seuns, Troy (6), en Tristan (3), in Toronto.

Hoe lank is julle al in Kanada? Hierdie jaar is ons al 8 jaar hier! Albei my seuns is hier gebore in 'n gratis-en-verniet hospitaal – al ons mediese dienste is gratis.

Verstaan jou kinders Afrikaans? Troy verstaan meer as wat ek hom krediet voor gee! Hulle verstaan "Ek is lief vir jou" en dis goed genoeg vir my!

Na watter skool gaan jou kinders? Troy is in "Senior Kindergarten" en gaan in September (dis wanneer die nuwe skooljaar begin) na 'n French Immersion School waar 85% van sy dag in Frans sal wees. Tristan gaan in September na 'n Montessori skooltjie toe, en volgende jaar sal hy "Junior Kindergarten" toe gaan.

Wat doen julle graag as gesin saam? Ons kampeer graag. Somer is so kort hier en ons druk elke oomblik daaruit! Ons ry ook graag fiets, ysskaats, bou sneeumanne en geniet "tubing".

Wat is jou kinders se gunsteling tv program? *Iron Man: The Series* (seunskinders, wat kan ek sê?)

Wat is hulle gunsteling aktiwiteit? Fort-bou met alles in hulle kamer!

Watter deel van Suid-Afrika sou jy graag vir jou kinders wou gee? Die kalmte en die rustigheid van die see.

Skryf vir Adele na adelealex@yahoo.com

Afrikaanse ouers in die buiteland kan mp3 stories aflaai by www.RedHatter.co.za

Kleuter Kletsies

deur Tiana Burger

Maak oulike inkopie-sakke vir Moedersdag

Met Paasfees agter die rug, is Moedersdag om die draai. Dit moet eintlik elke dag Moedersdag wees - een keer per jaar is heeltemal te min vir die mawees wat ons elke dag doen!

Geen vrou kan haarself voorberei vir ma-wees nie, totdat die spikkel op die sonar flikker en jy hoor jy is 'n paar weke swanger. Jou hart klop nooit weer net vir jou nie. Jou hele lewe begin draai om daardie spikkel en jy wil net die beste vir hom hê, vir ewig.

Elke ma is die beste ma vir haar unieke kind. Daarom plaas ek hierdie maand 'n *craft*-projekke wat jou kind vir Mamma kan maak vir Moedersdag. (Vir die Lekkerbekkie-mammas kan hierdie nou ongelukkig nie 'n verrassing wees nie, want die kleingoed gaan Ma se hulp nodig hê!)

Benodighede:

- 'n Gekleurde inkopie-sak (koop by PNP, Woolworths ens.)
- Lapverf in verskillende kleure
- Appels

Instruksies:

1. Gooi verskillende kleure verf uit op 'n plat oppervlak. Dit kan skakerings (lig en donker) van een kleur wees, of 'n paar verskillende helder kleure soos pienk, groen, geel, ens.
2. Sit 'n oop tydkrif of koerant binne in die sak sodat die verf nie deurslaan na die ander kant nie. Werk op 'n harde, plat oppervlak.
3. Sny 'n appel in die helfte en gebruik dit as stempel om patrone met die verf op die een kant van die inkopie-sak te druk. Laat die sak droogword in die son. Draai dan om en druk weer patrone aan die ander kant.
4. Skryf met 'n watervaste pen "Gemaak vir Ma!" of "Lief vir Ma!" op die sak.

Oulike idee:

Druk handjies of voetjies af - boeties en sussies kan saam een sak mooi maak. Ma kan dit gebruik, of selfs raam! Dit is ook 'n baie kosbare geskenk vir Ouma en Ouma-grootjie! (Moet hulle nie vergeet nie!)

Tiana is 'n oud-kleuterskool onderwyseres. Sy en haar man woon in Kaapstad met hulle seuntjie, Caiden (19maande).

tiana@little1.co.za

© Anna Emm Productions 2011

'n Passie vir *cupcakes*!

Ontmoet vir Liesl de Klerk – die nuwe eienaar van Frostings Cupcake Boutique in Durbanville! Hierdie dinamiese jong sjef het groot planne vir díe unieke bakkery met sy *flair* vir besonderse koeke en *cupcakes* vir elke geleentheid.

Liesl het Frostings in 2010 by die vorige eienaar oorgeneem, en dit was veral die kreatiewe deel van die besigheid – die ontwerp en versier van die koeke – wat vir haar aanloklik was. Al is daar heelwat verantwoordelikhede rondom die bestuur van 'n besigheid, maak sy seker dat sy steeds soveel moontlik tyd in die bakkery self spandeer. Liesl doen self die kreatiewe ontwerpe, en dra dit dan aan haar span oor.

Alhoewel Frostings bekend geraak het vir hulle koeke en *cupcakes*, bied hulle ook nou allerlei ander soetighede vir kliënte wat die winkel kom besoek. Dit sluit handgemaakte Maccaroons, Brownies, Turkish Delight en Truffles in. Die winkeltjie met sy asemrowende koeke is 'n fees vir veral verloofdes wat op trou staan en mammas wat kinderpartytjies beplan.

Frostings het in 2008 oopgemaak as 'n nuwe *twist* op die geliefde *cupcake*, en as een van die eerstes in sy soort. As nuwe eienaar het Liesl baie idees vir 'n meer *funky* en *fun* benadering en 'n groter fokus op kinderpartytjies.

"Kwaliteit is vir ons belangrik," sê Liesl. "Die smaak en die ondervinding is net so belangrik soos die voorkoms. Wat ons van ons kompetisie onderskei, is die tekstuur van ons koek – ryker en klammer as gewone sponskoek – asook die feit dat dit langer vars bly. In terme van ontwerpe is daar geen perke nie! Ons is oop vir enige versoek van kliënte, en is altyd gretig om nuwe, *funky* koeke te bak en saam te stel!"

Frostings gee aan Lekkerbekkie-lesers die kans om 'n kinderkoek en 12 *cupcakes* ter waarde van R500 te wen! Sien bl. 6 vir besonderhede. **www.frostings.co.za**



Gunsteling vir Mei-maand:

Die nuutste Walt Disney film – "Tangled"

Die laaste film in Walt Disney se prinsesse-reeks het sopas verskyn. "Tangled" vertel die storie van Raponsie met haar lang hare – maar natuurlik bietjie anders as hoe ons dit onthou! Die prinses Rapunzel (met die stem van Mandy Moore) het haar lewe in 'n hoë toring deurgebring, maar nou kruis haar pad met dié van 'n sjarmante dief, en saam beland hulle in 'n reuse avontuur. "Lekkerbekkie" het die film gaan kyk om seker te maak daar is nie te veel hekse en toorgoed en monsters in nie, en ons kan dit werklik aanbeveel! Dis een van die ou "classics" in Walt Disney se versameling, en heeltemal kindervriendelik!

www.AnnaEmm.co.za
36 Bybelstories op CD
BYBEL BUDDIES

Yummy Mammie Babakos
Dis lekker en gesond!
Vakuum verpak met etiket vir Mamma se gerief
Besoek www.yummymammie.co.za of
kontak Marna by 082 696 3093 vir 'n gratis sample.

Experi - Maatjies
Experi - Buddies
Experi-Maatjies is 'n buitemuurse, opvoedkundige wetenskapprogram wat eksperimente gebruik om vir jong kinders te wys dat die wêreld van wetenskappe pret kan wees. Die program is gefokus op kinders vanaf 5 tot 9 jaar.
Besoek www.experi.co.za vir meer inligting oor klassies in jou area.
Franchise geleenthede nog beskikbaar in sekere areas
kontak lindi@experi.co.za vir meer inligting.
Die eerste 10 nuwe inskrywings wat aandui dat hulle in "Lekkerbekkie" van ons gelees het sal elk 'n geskenk ontvang.
Jong Wetenskaplikes in wording!

© Anna Emm Productions 2011

Wen verjaardagkoek ter waarde van R500!

Wen 'n partytjiekoek en *cupcakes* ter waarde van R500!

Frostings Cupcake Boutique gee aan Lekkerbekkie-lesers die kans om 'n partytjie-geskenkbewys van R500 te wen! Dit sluit 'n standaard kinderkoek en 12 *cupcakes* in. **Vraag: Waar is Frostings Cupcake Boutique geleë?**

LW: Die prys moet by Frostings afgehaal word, en kan ongelukkig nie versend word deur die pos nie!

Stuur net jou naam en die antwoord op ons kompetisie-vraag na info@frostings.co.za

Slegs een inskrywing per persoon. Sluitingsdatum: 25 Mei. Die wenner sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Kontakbesonderhede

Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!

Jy het hierdie uitgawe van Lekkerbekkie ontvang omdat jy op ons verspreidingslys is, of iemand wat jy ken dit vir jou aangestuur het.

Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?
Om van ons verspreidingslys verwyder te word, stuur net 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "UNSUBSCRIBE" in die subject line.

Wil jy Lekkerbekkie maandeliks ontvang?
As jy nog nie op ons verspreidinglys is nie, maar graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "SUBSCRIBE" in die subject line.

Gee jou terugvoer en ontvang 'n gratis luisterstorie!
Vind Lekkerbekkie op Facebook en skryf jou terugvoer oor hierdie uitgawe op ons muur, en ons email dadelik vir jou 'n gratis luisterstorie!

Stokbrood vir die kinders

Daar is vir kinders niks so lekker soos om by 'n vuur te sit en stokbrood maak nie! Selfs die ou kleintjies kan ook hulle eie broodjie braai.

Bestanddele:

1 kg wit of bruin broodmeel
2 teelepels bakpoeier
2 teelepels sout
1 koppie botter
200 ml water
botter en stroop

Elke kind moet 'n lekker lang stok hê – ongeveer so dik soos jou duim. (Maak seker die stok is nie groen nie, en bly weg van giftige plante af!)

Metode:

1. Meng die droë bestanddele en vryf die botter in.
2. Voeg die water by en knie tot 'n deeg.
3. Gee vir elke kind 'n bolletjie deeg.
4. Vou die bolletjie deeg rondom die stok se punt en druk dit stewig vas.
5. Hou dan die stok oor die kole en draai dit gedurig so dat die broodjie egalig bak.
6. Die broodjie is gaar wanneer dit los van die stok kan draai.
7. Haal dit van die stok af, en eet met botter en stroop.

Onthou om die kamera byderhand te hou!